GIDS VIR WATERMETERS EN WATERBESTUURSTOESTELLE

Jou huis of besigheid is aan die Stad se waternetwerk gekoppel. Die watermeter wat die waterverbruik in jou huis meet, is gewoonlik in 'n klein houer op die sypaadjie buite jou eiendom. Jy kry elke maand 'n munisipale rekening. Jou watergebruik word daarop aangetoon en dit is belangrik dat jy kyk hoeveel water jy die vorige maand gebruik het.

Gedurende hierdie ernstige droogte is dit belangriker as ooit dat jy jou gebruik nagaan en seker maak jy hou by die minimum/noodsaaklike gebruik soos in die huidige beperkingsmaatreëls uiteengesit. Om die geregistreerde verbruik op jou meter na te gaan, is 'n basiese beginsel daarvan.

SO MAAK MENS:

- Maak seker jy weet waar jou watermeter geleë is.
- Maak seker dit word nie versper nie (deur bv. sand of onkruid) en kan maklik gelees word.
- Maak nie saak watter tipe watermeter jy het nie, swart syfers verteenwoordig kiloliter en rooi syfers liter. (Om te kyk of jy lekkasies het, draai alle krane toe, moenie die toilet spoel nie en moenie munisipale water gebruik nie. As die meter steeds loop, beteken dit jy het 'n lekkasie op jou eiendom. Besonderhede oor hoe om lekkasies te herstel, is op www.capetown.gov.za/thinkwater.)

Amptenare van die Stad moet te alle tye toegang tot jou watermeter hê. Die Stad lees jou watermeter een keer per maand om jou maandelikse water- en rioolverbruik te bepaal.

As jou watermeter agter geslote hekke is of meterlesers om ander redes nie jou meter kan lees nie, kan jy die lesing self indien deur 0860 103 089 te bel óf jy kan registreer en die lesing aanlyn via jou munisipale rekening op ons e-dienste-poort aanteken.

As jy 'n waterbestuurstoestel (WMD) op jou eiendom het, let asseblief daarop dat:

- Die meeste formele huishoudings via 'n 15 mm- of 20 mm-wateraansluiting gekoppel is, en dat alle nuwe installasies en metervervangings op hierdie eiendomme WMD's is.
- 'n WMD aangebring sal word by 'n kliënt wat die Stad as 'n buitensporige watergebruiker geïdentifiseer het nadat 'n spesifieke rekening gemonitor is en daar gevind is dat die waterbeperkingsmaatreëls nie nagekom is nie. In hierdie geval:
  - » Word die WMD op 'n daaglikse toewysing van 350 liter gestel om die watertoevoer na die eiendom in pas met die huidige waterbeperkings te beperk.
  - » Het die kliënt 'n waarskuwingsbrief ontvang om watergebruik te verminder of om vir verbruik bo die perk aansoek te doen. Wanneer die aansoek ontvang word, sal die WMD op die goedgekeurde perk gestel word.
  - » Word die perk bepaal deur die huidige beperkingsvlak en die gemiddelde getal mense op 'n enkelresidensiële eiendom, wat drie tot vier is.
- Alle deernisgeval-kliënte wat deel van die waterlekkasieprojek uitmaak, hét of sal 'n WMD ontvang wat op 350 liter per dag gestel is. Dit gaan hand aan hand met die aanbod of voordeel van die waterlekkasieprojek en sal in aanmerking geneem word wat die skuldafskrywingsproses betref.
- Alle kliënte teen wie skuldinvorderingstappe gedoen is en wat 'n WMD op die eiendom het, sal 'n toewysing van 200 liter per dag ontvang in pas met die basiese toewysings.
- Die daaglikse toewysing is gestel vir aktivering om 04:00. Dit maak nie saak hoe laat jou daaglikse toewysing uitgeput raak nie - die volgende dag se toewysing sal eers om 04:00 die volgende dag beskikbaar raak.
- Hou alle krane oornag toe want jy gaan jou toewysing begin gebruik en water mors wanneer die watertoevoer om 04:00 herstel word.
- As jy nie jou hele daaglikse toewysing gebruik nie, sal die res na die volgende dag oorgedra word tot die laaste dag in die kalendermaand.
- As jy 'n toename in die daaglikse toewysing wil motiveer, gaan dadelik na jou naaste betaalkantoor of kry die aansoekvorm op www.capetown.gov.za/thinkwater.

DINK WATER
GEE MEER OM. SPAAR BAIE.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

AFHANGENDE VAN DIE TIPE METER, SAL DIE WMD SO LYK:

'N TIPIESE 15 MM-KOPPELING-WMD

- Die syfers op die elektroniese skerm (links op die foto) moet nie met die lesing op die eintlike meter (regs op die foto) verwar word nie. Die skerm het niks met die meterproses self te doen nie, en toon net die inligting wat dit van die watermeter kry.
- Let asseblief daarop dat die daaglikse toewysing aftel, met ander woorde dit begin by die toegewese syfer (gewoonlik 350 liter) en beweeg dan af na nul.

'N TIPIESE 20 MM-KOPPELING-WMD

Help ons om water te bespaar: Meld waterprobleme (bv. gebarste pype of stukkende meters) en oortreding van beperkings aan:

- Bel 0860 103 089 (kies opsie 2: waterverwante probleme)
- E-pos water@capetown.gov.za
- Aanlyn deur www.capetown.gov.za/servicerequests
- SMS 31373 (maksimum 160 karakters)
- WhatsApp 063 407 3699

Die Stad doen absoluut alles in sy vermoë sodat Kaapstad deur hierdie droogte kan kom, maar ons het die ondersteuning van ons inwoners nodig. Water is lewe.

Ons wil julle ernstig aanmoedig om by die Stad en hordes Kapenaars aan te sluit in hul pogings om hierdie droogte tesame te bowe te kom en Dag Zero te verhoed, die dag waarop ons krane leeg loop.

Let asseblief daarop dat waterbeperkings en watergebruikteikens op kort kennisgewing kan verander in 'n poging om op die krisis te reageer.

GAAN NA WWW.CAPETOWN.GOV.ZA/THINKWATER VIR NOG BESONDERHEDE OOR:

- **Waterrantsoenering**
- **Hoe om lekkasies op jou eiendom op te spoor**
- **Hoe om water te bespaar**
- **Hoe om gryswater te gebruik**
- **Waterbestuurstoestelle**
- **Bykomende hulpbronne en jongste inligting**